# Die boodskap van die boek Jona*

APB BREYTENBACH

Wanneer 'n mens eksegete se standpunte oor die boek Jona nagaan, val dit op dat daar nie eenstemmigheid is oor die vraag wat die "boodskap" of "prediking" van die boek is nie. Die algemeenste opvatting is dat die boek wil verkondig dat God se liefde wyer strek as Israel en dat die boek dus primêr gerig is teen die na-eksiliese Joodse eksklusiwisme en partikularisme (vgl. Fohrer 1969: 486 v). In sy kommentaar op Jona het Van der Woude sterk standpunt ingeneem teen so 'n verklaring. Hy stel: "Tegen deze door Fohrer geformuleerde en door het merendeel der commentatoren gedeelde opvatting (zijn) ernstige bezwaren in te brengen. Noch de matrozen op het schip waarmee Jona naar Tarsis wilde vluchten, noch de Ninevieten vormen de hoofdpersonen in de vertelling. Nergens wordt gezegd of aangeduid dat Jona Israël representeert en dat Ninevé het symbool van het heidendom is. Nergens wordt ook uiteengezet dat Jona het goddelijke erbarmen beperkt wenste te zien tot zijn eigen volk. Zijn ontstemming, waarvan in 4:1 sprake is, heeft gezien de voorafgaande tekst betrekking op het feit dat God berouw kreeg over het kwaad dat Hij gezegd had aan de Ninevieten te zullen doen en dat Hij het niet deed. Jona ergert zich aan Gods houding met betrekking tot diens eigen besluit, niet aan de Ninevieten. De uitvoerige beschrijving van Jona's vlucht ware overbodig als het thema van het boek gezien wordt in de relatie tussen Israël en de heidenen. Evenmin gaat het primair om de verhouding tussen de Schepper en zijn wereld. Het allesbeheersende thema van het boek is de relatie tussen God en zijn profeet" (Van der Woude 1978:13 v). Die opvatting dat die boek gerig is teen Joodse partikularisme word ook bevraagteken deur Emmerson (1976:7:86 v) en andere.

Die doel van hierdie voordrag is om te wys op enkele oor- of onderbeklemtonings van sommige literêre aspekte in die boek deur voorstanders van die tradisionele siening èn deur Van der Woude, en om 'n paar konklusies daaruit te trek.

Die eerste saak waaraan ons aandag gee, is die roeping en aanvanklike diensweiering van Jona. Die meeste voorstanders van die tradisionele siening meen dat die motief van diensweiering in die boek funksioneer om Jona te teken as 'n tipies nasionalistiese profeet wat nie aan die Nineviete die geleentheid wil gee om hulle te bekeer en só God se genade te ontvang nie (kyk o.a. Rudolph 1971:336 v). Dit word egter nie eksplisiet of implisiet gesê in hoofstuk 1 nie. Verder het Van der Woude (1978:54 en 62) byvoorbeeld daarop

* Voordrag gelewer tydens die opening van die Fakulteit Teologie (Afdeling A), Universiteit van Pretoria op 15 Februarie 1983

gewys dat die rede vir die diensweiering wat in hoofstuk 4:2 verskaf word, ook nie só 'n verklaring ondersteun nie. Hy stel tereg dat Jona nie soseer woedend was omdat die Nineviete verlos is nie, maar omdat God nie gedoen het wat Hy gesê het Hy sou doen nie.

Van der Woude (1978:39 v) self verklaar die motief van die profeet se diensweiering binne die raamwerk van sy siening dat hoofstuk 1 en 2 die klem laat val op die feit dat dit sinloos en onmoontlik is om van God se roeping weg te vlug. Hierdie verklaring moet egter afgewys word: Dit is onwaarskynlik dat daar in 'n vloeiende vertelling waarvan die onderdele so nóú verweef is, twee onafhanklike hooftemas aan die orde sou wees. Van der Woude probeer die twee temas wat hy in die boek vind, naamlik die sinloosheid van die vlug van die geroepene (hoofstuk 1 en 2) en die vryheid van God ten opsigte van die profetewoord (hoofstuk 3 en 4) onder een noemer bring deur te sê dat die allesbeheersende tema in die boek die verhouding tussen God en sy profeet is. Dit is egter te algemeen en daarom onoortuigend.

Die motief van diensweiering deur profete kom meermale in die Ou Testament voor (byvoorbeeld Eks 4:10, Jer 1:6). In Jer 1:6 funksioneer hierdie motief om outoriteit aan die profetewoord van Jeremia te verleen (Van Selms 1979:38). Die feit dat die profeet eers nie bereid was om sy opdrag uit te voer nie en deur JHWH oorreed moes word om dit te gaan doen, was vir die lesers van die boek Jeremia 'n versekering dat Jeremia waarlik deur God geroep is as profeet. Die outeur van Jona was klaarblyklik bekend met die profesieë in die boek Jeremia (Van der Woude 1978:48). In die lig hiervan moet ons die moontlikheid ooplaat dat die aanvanklike diensweiering van Jona, en wat dit gekos het om hom te oorreed om sy opdrag uit te voer, ook bedoel is om in die verhaal Jona se "outoriteit" as profeet bo verdenking te stel. Wanneer Jona God se oordeelswoord oor Nineve aankondig, kan niemand daaraan twyfel dat hy waarlik 'n profeet van God is nie! Hierop sal ons later weer terugkom.

'n Volgende saak waaraan ons kortliks aandag sal gee, is die funksie van die psalm van Jona in die breër konteks van die boek. Die meeste van die ouer kommentare beskou die psalm van Jona as 'n latere toevoeging, aangesien die oorspronklike *Sitz im Leben* van hierdie lied klaarblyklik nie klop met Jona se posisie in die ingewande van 'n vis nie. Dit is naamlik 'n tipiese danklied van die enkeling wat God by die tempel loof vir die feit dat hy reeds verlos is. In die jonger kommentare word daar gelukkig rekening gehou met die moontlikheid dat 'n gedeelte soos die lied van Jona ook funksioneel kan wees in 'n nuwe konteks. Die vraagstelling het dus tereg verskuif vanaf die vermeende oorspronklike *Sitz im Leben* na die funksie van die lied in sy huidige konteks.

Leslie Allen wat in breë trekke die tradisionele siening oor die

boodskap van Jona onderskryf, meen dat die psalm van Jona 'n gesindheidsverandering by die profeet verwoord. Hy sê: "This is a new Jonah. He is soon to demonstrate a willing spirit by accepting the commission he formerly had rejected" (Allen 1980:217). Hierdie standpunt word egter weerspreek deur Jona se aversie en teenkanting teen JHWH se besluit en optrede in hoofstuk 4.

Deist (1981:33) wat ook 'n tradisionele siening oor die boek in breë trekke navolg, meen dat die psalm funksioneer om die partikularisme verder te beklemtoon. Jona sou die danklied gesing het omdat hy oortuig was dat God sy partikularistiese sienswyse gesanksioneer het. Hierdie verklaring berus op 'n eensydige beklemtoning van die feit dat die psalm as 'n danklied gestileer is. Verder is dit nie korrek om stemmingsbewegings of motiewe by 'n karakter te veronderstel sonder dat die outeur enige aanduiding daarvan gee nie (vergelyk hierteenoor 4:1 v waar die outeur dit wél doen).

Van der Woude (1978:30 vv) het in die regte rigting beweeg deur die psalm te verklaar as 'n danklied waarin dit primêr gaan om die verlossing van die psalmdigter deur God uit die mag van die dood. In hierdie psalm word die lof van dié God besing wat ook mag het oor die doderyk. Dat JHWH magtiger is as die dood word nie net deur die psalm verkondig nie, maar inderdaad ook "geïllustreer" deur die feit dat Hy die hellemonster (soos Van der Woude tereg die vis noem) kan beveel om Jona op die land uit te spoeg.

Hierdie beklemtoning van die mag van JHWH in die psalm en daaropvolgende vers pas perfek in by die beklemtoning van JHWH se mag in die eerste hoofstuk van die boek. Dit is 'n leemte by feitlik alle kommentare dat die klem op die mag van JHWH in die boek Jona nie volledig verdiskonteer is nie. Die skrywer sê met klem dat dit JHWH is wat die skrikwekkende storm op see bring (vs 4). JHWH laat ook die storm bedaar en word gevrees deur die heidene (vs 14 vv). Die dalende lyn wat die optrede van die profeet Jona kenmerk (vgl. die herhaling van die term *yārad* in vss 3 en 5) laat die mag van God nog sterker uitstaan.

Pesch (1966:577−81) het daarop gewys dat Jona 1 'n konsentriese struktuur het. In die sentrum van hierdie konsentriese komposisie staan die sogenaamde belydenis van Jona (vs 9) waarin gestel word dat JHWH die God van die hemel is wat die see en die droë grond gemaak het. Die mag van JHWH is dus 'n belangrike motief in hoofstukke 1 en 2. JHWH is die God van die hemel wat mag het oor die see en die land en die doderyk. Daar is geen gebied waaroor sy almag nie uitstrek nie.

Hierdie beklemtoning van die mag van God word op 'n artistieke wyse gekombineer met die motief van die diensweiering om as voorspel en gedeeltelike probleemstelling te dien vir die verdere ontplooiing van die verhaal in hoofstukke 3 en 4. Eenvoudiger gesê:

Wanneer Jona in die verhaal die oordeel oor Nineve aankondig (3:4), kan niemand daaraan twyfel nie dat hy 'n ware profeet is van die almagtige God. Wanneer hierdie profesie nie in vervulling gaan nie (3:10) is die sentrale probleem waaroor dit in die boek gaan, gestel, naamlik hoe moet 'n mens dit verklaar dat die profesie van 'n ware profeet in diens van die almagtige God, nie "uitkom" nie. In vraagvorm sou ons dit só kon stel: Waarom doen die almagtige God nie wat Hy deur die diens van sy profeet gesê het Hy gaan doen nie? Dat dit die sentrale tema in die boek is, word bevestig deur die feit dat die profeet juis gebelg is oor en in opstand kom teen die feit dat God inkonsekwent is en nie doen wat Hy gesê het Hy gaan doen nie (vgl. Van der Woude 1978:52 v se verklaring van 4:1 v).

Die antwoord op hierdie probleem word in hoofstuk 4 uitgewerk. Deur sy verteltegniek het die outeur egter die antwoord al vanaf hoofstuk 1 begin voorberei. Die implisiete lesers word gelei om simpatiek te staan teenoor die heidene op die skip en die Nineviete vanweë hulle korrekte "gelowige" optrede.

Terselfdertyd word die lesers gelei om hulle te distansieer van Jona se optrede. Die finale antwoord word gegee in die retoriese vraag waarmee die boek afsluit (4:11): Dit is nie omdat die almagtige God inkonsekwent is, dat Hy nie sy profeet se woorde laat uitkom nie, maar omdat die voltrekking van die oordeel oor sy skepsels vir Hom verdriet sou bring (Van der Woude 1978:59 v). In die taal van die dogmatiek sou ons dit soos volg kon formuleer: God se almag en sy verkondigde woord staan in diens van sy liefde vir sy skepsels.

Van der Woude (1978:13) wys in sy kommentaar konsekwent die moontlikheid af dat Jona en die Nineviete gebruik word om Israel en die heidene te simboliseer. In 'n sekere sin moet 'n mens daarmee saamstem, want dit sou kon impliseer dat die verhaal 'n allegorie is. Dat "Jona ben Ammittai" en die "groot stad Nineve en sy koning" egter by die implisiete lesers bepaalde assosiasies sou opwek, kan met sekerheid aanvaar word (vgl. II Kon 14:25 v. en Nah 1:1 vv). Deur Jona, die bekende heilsprofeet wie se woorde vervul is, as 'n dominante karakter vir die verhaal te kies, het die outeur ongetwyfeld die aspek dat Jona 'n ware profeet van God is, versterk. Deur die keuse van die Nineviete, as die veroordeeldes wat nie vernietig word in die verhaal nie, word 'n verdere dimensie aan die boodskap van die boek verleen, naamlik dat die almagtige God ook in die geval van 'n aartsvyand van sy volk, uit liefde kan besluit om nie sy aangekondigde oordeel te voltrek nie. So word deur buitetekstuele verwysings (ons sou ook kon wys op die gebruik van tipiese terminologie uit die profeteboeke) die boodskap van die boek versterk.

Ek is oortuig daarvan dat die boodskap van die boek Jona verstaan moet word teen die agtergrond van die teleurgestelde *Naherwartung* in die na-eksiliese tyd. Dat die boek Jona êrens in die Persiese tyd

ontstaan het, kan met sekerheid aanvaar word (vgl Van der Woude 1978:10). Verder is dit uit na-eksiliese profeteboeke, soos Haggai en Maleagi, duidelik dat die uitbly van die verwagte heil vir Israel en die oordeel oor sy vyande, 'n ernstige teologiese probleem was. Die plasing van die oordeelsprofesieë oor die nasies aan die einde van die boek Jeremia in die Masoretiese tradisie, weerspieël na my mening die gedagte wat klaarblyklik by die na-eksiliese Jode geleef het, dat God se oordeel oor die nasies en die heilvolle toekoms van Israel, keerkante was van dieselfde muntstuk. Die toekomsverwagtinge wat geskep is deur die op-skrif-gestelde profesieë van Jeremia, Deutero-Jesaja en Esegiël, is nie vervul nie. As die Deuteronomistiese siening dat 'n profeet se "egtheid" bevestig word deur die vervulling van sy profesieë daarby in gedagte gehou word, skep dit 'n ernstige teologiese probleem wat uiteindelik tot belangeloosheid en ongeloof kan lei.

Hierop kon 'n nuwe profeet reageer deur daarop te wys dat die heil nie realiseer nie vanweë die gebrekkige diens aan JHWH deur sy volk (byvoorbeeld Haggai). 'n Nuwe profeet kon ook daarop wys dat die verwagte heilstyd tóg onmiddellik voor die deur is (byvoorbeeld Maleagi). Daar kon ook teologies met groter diepgang op die probleem ingegaan word. Dit is wat die outeur van Jona na my mening doen. Logies is daar net drie verklarings moontlik wanneer die vraag gestel word waarom God nie Israel se vyande oordeel soos Hy beloof het nie: Dit kan 'n bewys wees dat God nie magtig genoeg is om dit te doen nie. Dit kan ook 'n bewys wees dat dit valse profesieë van valse profete was. As die almag van God en die egtheid van die profeet bo verdenking staan, is die enigste verklaring wat oorbly dat God inkonsekwent is en nie doen wat Hy gesê het nie. Dit is oor hierdie sake wat die boek Jona handel. In die eerste twee hoofstukke word daar van die almag van God en die egtheid van die profeet se roeping op dramatiese wyse vertel. Die verwyt dat God inkonsekwent is, word dan verder in die verhaal uitgewerk. Die teologiese antwoord wat die outeur van Jona gee op die probleem van die teleurgestelde *Naherwartung* is dan dat God se almag en sy verkondigde profetewoord in diens is van sy liefde vir sy skepsels, selfs vir hulle wat Israel se aardsvyande is.

In die laaste plek wil ek wys op 'n interessantheid in verband met die plasing van die boek Jona in die kanon. Die volgorde van die Kleinprofeteboeke is nie dieselfde in die Joodse en Alexandrynse kanons nie. In die Joodse kanon is die volgorde soos wat ons dit ken uit die Afrikaanse vertaling. Wanneer gevra word na die redes waarom die volgorde juis so is en nie anders nie, moet ons aanvaar dat verskillende norme in mindere of meerdere mate gegeld het by die plasing van die boeke. 'n Skema van afwisselende "buitelandse" en binnelandse profete (gesien vanuit Juda), gekombineer met 'n

kronologiese volgorde, het waarskynlik die deurslag gegee by die bepaling van die volgorde in die Joodse kanon. Die posisie van Obadja kan egter moeilik verklaar word, aangesien 'n mens sou verwag dat Miga vanweë sy lengte en die tyd van optrede van die profeet eerder die plek moes kry wat Obadja inneem in die Joodse kanon. In die Alexandrynse kanon het die skema van buitelands-binnelands klaarblyklik nie gegeld nie en is die volgorde Hosea, Amos, Miga, Joël, Obadja, Jona, Nahum, Habakuk, ensovoorts. Dit is dus opvallend dat in die twee kanons met verskillende volgorde die kombinasie Obadja-Jona telkens voorkom. Verder is dit opvallend dat die boek Jona begin met 'n *waw*-konsekutief. Van der Woude het tereg daarop gewys dat hierdie *waw*-konsekutief nie gevolg word deur 'n tydsaanduiding nie en dus nie vergelyk kan word met die gebruik van die *waw*-konsekutief in boeke soos Rut en Samuel nie. Die enigste vergelykbare gebruik van die *waw*-konsekutief in Jona 1:1 kom voor in Jeremia en Esegiël waar profesieë opgevolg word deur 'n vertelling (Van der Woude 1978:17). In die lig hiervan, en vanweë die kombinasie met Obadja, lyk dit geregverdig om die afleiding te maak dat die boek Jona van die vroegste tye af verstaan is as 'n soort kommentaar op die sterk nasionalistiese oordeelsprofesieë van Obadja. 'n Mens kan selfs wonder of Obadja 'n plek in die kanon sou kry as dit nie was vir sy kombinasie met Jona nie. In óns tyd moet die boek Jona egter nie net verstaan word as 'n kommentaar of teologiese kritiek op Obadja nie (dit kan natuurlik ook) maar as 'n boek in eie reg wat noodsaaklik is vir die korrekte verstaan van veral oordeelsprofesieë in die algemeen.

Literatuurverwysings

Allen, LC 1980. *The books of Joel, Obadiah, Jonah and Micah.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans. (NIC).

Deist, FE 1981. *Die God van Jona.* Kaapstad: Tafelberg.

Emmerson, IA 1976/7. Another look at the book of Jonah. *The Expository Times* 88.

Fohrer, G (neubearb) 1969. *Einleitung in das Alte Testament.* (Begründet von E Sellin). 11. Auflage. Heidelberg: Quelle & Meyer.

Pesch, R 1966. Zur konzentrischen Struktur von Jona I. *Biblica* 47, 577–81.

Rudolph, W 1971. *Joel-Amos-Obadja-Jona.* Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn. (KAT).

Van der Woude, AS 1978. *Jona. Nahum.* Nijkerk: Callenbach. (De Prediking van het Oude Testament).

Van Selms, A 1979. *Jeremia. Deel I.* Nijkerk: Callenbach. (De Prediking van het Oude Testament).